Sing vooraf: Skrifberyming 14-2:1.
Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn,
die beeste, kleinvee, alles hier vergaan -
nóg sal ek juig en bly wees in my God!
Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan;
Hy laat my vas en veilig staan!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Psalm 32:4.
U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is,
'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring,
en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan,
waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Geloofsbelydenis Nicea/Apostolicum
Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met:
Psalm 139:12.
Wet
Psalm 139:12
Deurgrond, o HEER, en ken die swart,
verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede
tog op die weg van eewge vrede.

Gebed.
- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 4:2
Weet dat die HEER vir Hom tevore
'n gunst'ling afgesonder het,
en dat hy, deur God self verkore,
nooit op sy swerftog is verlore,
maar dat die HEER hom hoor en red.
Beef dan, o dienaars van die sonde,
oortree nie teen sy heil'ge wil.
Deursoek jul hart in stille stonde,
as eensaamheid omsweef jul sponde,
verwag die HEER en wees net stil.

Skriflesing: 1 Konings 22.
Teks: 1 Konings 22:14

> **So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek!** (1 Konings 22:14 AFR1953)

Die ware gelowige moet elke oomblik die geeste rondom hom toets.

- Sy hele lewe is 'n lewe van meet en weeg.
- Dis 'n bepaling van watter dinge in die situasie waarin hy hom op daardie betrokke oomblik bevind, reg is voor die Here.

Die gelowige se lewe is soms baie moeilik, omdat ons dikwels kan bepaal wat wel reg is, maar dan vanweë omstandighede nie in staat is om iets daaraan te doen nie.

- Dan word daar dikwels van die gelowige bomenslike kragte vereis om sy beginsels te kan nakom.

In die gedeelte wat ons gelees het, wil Agab nou teen Aram gaan oorlog maak, en om dit te kan doen, sluit hy 'n verbond met Josafat. Daar was 'n groot verskil tussen die twee konings se lewenshoudings.

- Agab was 'n ongelowige, en 'n vervolger van die Here se profete.
- Josafat is 'n gelowige wat die woord van die Here op prys stel.

Net nadat die twee konings hulle oorlogsverdrag gesluit het, begin die beginselverskille tussen die twee manne uitkom. Ons lees in vers 5 dat Josafat sê:

> **Verder het Jósafat aan die koning van Israel gesê: Raadpleeg tog eers die woord van die HERE. (1 Konings 22:5 AFR1953)**

Sy versoek is duidelik: Kom ons ondersoek eers die saak, en laat ons kyk wat is die wil van God hierin.

- Voortvarendheid kan maklik veroorsaak dat die Here vertoorn word.
- Ons kan maklik gaan veg, maar wat vra die HERE?

Toe laat die koning van Israel die profete bymekaarmaak, omtrent 400 man.

- Hy vra hulle toe of hy moet optrek of nie.
- Hulle antwoord toe dadelik dat Agab moet optrek, want die Here gaan die vyand in die hand van die koning gee.

Maar wie is hierdie 400 profete?

- Dit was beslis nie profete van Baäl en Asjera nie, want dit was nog te kort na die slagting van Karmel toe Elia hulle almal doodgemaak het.
- Agab sou ook nie Baälprofete roep nie, uit politieke hoflikheid teenoor Josafat, want hy was bewus van Josafat se godsdienstige houding.
- Ware profete van die Here was dit ook nie, want hulle is weer almal deur Isebel doodgemaak.

Wie is hierdie profete dan?

- Hulle was waarskynlik swendelaarprofete. Dis profete wat in daardie dae vir eie gewin geprofeteer het.
- Die Here het vir hulle net so min getel as Baäl.
- Hulle profesië was gemik op vleiery en op die guns van die persoon vir wie geprofeteer word.

Daar is ook iets sterk opvallends in hulle profesieë:

- Hulle gebruik nie die verbondsnaam van die HERE, naamlik Jahwê nie.
- Hulle gebruik die HERE se magsnaam, naamlik Adonaij. Dit was so asof hulle daarmee krag aan

hulle profesie wou gee.

Josafat is nie tevrede nie.

- Die meerderheid is nie noodwendig reg nie.
- Hy wil nog 'n profeet van die HERE hê wat moet kom sê wat die HERE wil hê.

Is ons nie te dikwels te bereid om maar net tevrede te wees met wat almal sê nie, en daarmee laat vaar ons ons eie verantwoordelikheid om te toets en te ondersoek nie?

- Dit gaan oor my persoonlike verbintenis met God.
- Daarom moet die gemeente ook soos Josafat elke saak en elke gebeurtenis op hierdie beginsel toets.

Agab sê hy weet van nog 'n profeet, maar hy hou nie van die man nie, want die man profeteer nooit iets goeds vir hom nie.

- Hulle gaan haal toe vir Miga.
- Solank as wat hulle wag, gaan hierdie 400 profete voort; hulle dans allerhande rituele om nou hulle saak sterk te maak.
- Sedekia, hulle leier, hou 'n paar ysterhorings bokant sy kop, en stoot daarmee in die lug, en hy sê vir Agab dat hy so die Arameërs gaan wegstoot en oorwin.

Terwyl Miga op pad is, kry hy ook advies by die bode.

- Hy moet tog dieselfde sê as wat deur hulle gesê is.
- Dit gaan dus nie oor die waarheid nie, maar wel oor wat die mense van die profete gaan dink as hulle teen mekaar begin praat.

Met 'n eed wys Miga hierdie advies af. Hy praat na die hart van geen mens nie. Hy sal net sê wat God behaag!

Wanneer Agab dan vir Miga vra of hy moet gaan oorlog maak, antwoord Miga dat hy maar kan gaan (v.15).

- Iets in sy gesig het waarskynlik verraai dat hy nie volgens sy oortuiging praat nie.
- Dadelik is Agab ook daaroor kwaad, en hy besweer Miga by naam van die HERE dat hy die waarheid moet praat. Hy wil nie bedrieg word nie.

Eienaardig - maar so is elke mens - hy wil nie bedrieg word nie, maar tog wíl hy bedrieg word!

- Hy wil weet wat is die waarheid, maar daar is 'n voorwaarde aan verbonde; die waarheid moet ooreenstem met dit wat hy in sy eie gedagtes wil.
- Hy kies vir die leuen as die waarheid teen sy persoonlike wense ingaan.

Met hierdie gesindheid sondig die mens nog daagliks.

- Ons weet wat God wil, maar ons wil dit nie weet nie.
- Ons probeer dan om God te dwing om Hom na ons sin te skik.

Dan praat Miga. In sy profesie laat hy Agab voor die HERE staan, sodat Agab kan sien wat die HERE met hom gaan doen!

- Die HERE laat Miga die volk verstrooid op die berge sien, soos skape wat uitmekaargespat het, omdat geen herder hulle meer oppas nie.
- Die herder wat weggeraak het, is Agab. Die HERE gaan hom wegneem oor sy onverantwoordelikheid.

Miga het gesien dat daar 'n ernstige vergadering in die hemel was.

- God het gevra of daar iemand is wat Agab sal oorhaal om na Ramot toe op te trek, want die Here wil hom daar doodmaak.
- Een van die geeste wat daar staan, tree toe vorentoe en sê vir die Here dat hy Agab sal oorhaal.
- Die Here wou by hierdie gees weet wat sy strategie sal wees. *Hy antwoord toe dat hy die koning se profete met 'n leuengees gaan vul.*

Dit bring ons by die diepte van hierdie gedeelte. Die vraag is: Waarom glo Agab die leuengeeste?

- Agab word deur die leuengees verlei omdat hyself agter hulle aanloop.
- Sy diepste menswees is nie eerlik nie - daarom vind hy aanklank by hulle!
- Hy kan nie onskuldig pleit voor die Here nie, want Miga het die volle waarheid aan hom bekend gemaak.

So staan elkeen van ons voor God.

- Ons ken die waarheid, en daarom moet ons almal en alles toets en beproef, voordat ons ons laat voorsê.
- Getalle en die meerderheid moet nie die deurslag gee nie, want die leuengeeste mag die meerderheid wees.

Die Here Jesus Christus was as mens ook in hierdie posisie: Met die versoekinge in die woestyn kom die Satan na Hom toe, en probeer op elke manier om Jesus te beweeg om hom te aanbid.

- Dit sou sake vir Jesus baie maklik gemaak het as Hy net die duiwel aanbid het, want dan het Hy nie nodig gehad om aan die kruis te sterf nie.
- Hy staan dus daar voor 'n makliker, maar verkeerde pad!
    - Hy is in ‘n posisie waar Hy moet bepaal wat reg en verkeerd is.
    - Hy kies om God alleen te dien, en die Satan moet weggaan.

Daarna kry ons Hom aan die kruis, waar Hy sterf.

- Die pad is smal, en die poort is nou.
- Op hierdie pad van smarte is die Here Jesus.
- Dit alles sodat ons Hom op hierdie pad kan volg.

In die situasie rondom Jesus se dood was Hy in ‘n baie soortgelyke posisie as Miga. Die leuengees het die kerk en sy leiers beheers - so dat Jesus sterf, al was hy onskuldig.

Ons kan en moet hierdie pad met krag en troos loop, want ons het die Heilige Gees wat ons met die waarheid voorsê.

- Ons kan ook soos Miga met trots en met vreugde reguit en heerlik voor die Here lewe.
- Ons sal ook soos hy in die heerlikheid van die Here ingaan wanneer ons sterf, want die bloed van ons Here Jesus waarborg dit.
- Vir die foute wat ons maak (en gemaak het) in ons lewens het Hy gesterf.

Die toekomsvisie van ons teksgedeelte is dit:

- Die leuengees se invloed neem steeds sterker toe soos wat die wederkoms naderkom.
- Hy gebruik die Here Jesus se Naam om homself te vestig: **“Kyk, hier is die Christus”** en **“Kyk, daar!”** (Markus 13).
- Daarom is dit soveel noodsaakliker dat ons altyd sal seker maak wat die Here gedoen wil hê en dat ons net doen wat die Here van ons verwag.

Kom ons toets ook altyd die geeste en bly by die waarheid. Dan is ons waardig aan die lyde en die opstanding en die herskepping deur ons Here Jesus Christus.
Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 119:10.
Weer my voet van leuenpaaie
en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid
en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe,
troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek,
dan betrag ek u bevel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 24 Junie 2007